NOTULE VAN DIE UITVOERENDE KOMMISSIE VAN DIE S.A.S.K. GEHOU OP 2 NOVEMBER 1950.

TEENWOORDIG: Ds. W.R. de Kock en die Algemene Sendingsekretaris.

(1) Die Sekretaris gee volledige verslag van sy sending na Suid-Rhodesië re opleidingskool te Umvuma, Suid-Rhodesië.

Hy skets die noodsaaklikheid van so 'n skool volgens informasie daar verskaf, wys ook op die geskiktheid van die terrein vir so 'n skool, (daar is volop water) en die verlange van die naturelle en die Regering dat so 'n skool gestig sal word.

Daar is dadelik £600 nodig om eers 'n Sentrale Primêre-skool te stig wat dan kan ontwikkel tot 'n Opleidingskool. Hy het egter aan die Raadskommissie daar meegedeel dat as hulle die £600 in Suid-Rhodesië kan vind, dit vir hom die weg makliker sal maak om die Uitvoerende Kommissie te beweeg om die skema goed te keur.

Aan mnr. Labuschagne is meegedeel dat dit 'n algemene beginsel is in die Sending dat alle toelae na die Sendingkas kom en alle werkers gelykop betaal word, met die versoek aan hom dat hy nie onder omstandighede sal aandring dat die toelae van die Regering aan hom sal betaal word nie, waar hy tog in die beginstadium altans geen skade sal ly nie.

Van Ds. Viljoen is 'n telegram ontvang waarin hy meedeel dat hy £150 gekry het en die Kerkraad weier verlof om verder te kollekteer en vra of hulle kan begin bou. Mnr. Labuschagne deel in 'n memorandum mee dat hy by sy eis staan dat Regeringstoelae aan onderwysers betaal sal word en is nie te vind vir hierdie werk as aan hierdie eis nie voldoen word nie. Die Sekretaris het toe as volg getelegrafeer:

"U telegram en memorandum van mnr. Labuschagne ontvang. Onder omstandighede kan ek onmoontlik verlof gee tot bouery."

Hierdie telegram word deur die Uitvoerende Kommissie goedgekeur, waar ons nie 'n beginsel wat deur die S.A.S.K. neergelê is, kan verander nie en ons geen geld op die begroting het vir daardie doel nie en die saak word verder gelaat in die hande van die Sekretaris.

(2) BEROEP: Eerw. L.C. v.d. Merwe het die beroep na Salisbury bedank. Die Uitvoerende Kommissie beroep nou Eerw. Charles Smith van Namakwaland, teen dieselfde salaris as Eerw. L.C. v.d. Merwe.

(3) TIKMASJIENE: Die ou tikmasjiene in Witzieshoek wat heeltemal ondoelmatig is vir die werk daar, word aan Dr. Badenhorst geskenk. Die waarde is ± £5.

(4) MEJ. HOFFMAN: Die Sekretaris rapporteer dat mej. Hoffman gereed is om na Madzimoyo te gaan as onderwyseres van die skool vir blanke kinders. Sy het egter skuld by die departement en volgens regulasies moet sy eers die skuld betaal voordat sy 'n ander betrekking kan beklee. Die Departement is egter gewillig om haar te laat gaan mits die S.A.S.K. instaan vir die skuld en die eerste jaar £2.10.0 per maand, 2de jaar £3.10.0 per maand, 3de jaar £4.10.0 per maand en 4de jaar £5 per maand aan die Departement betaal. Dit kan dan maandeliks van haar salaris afgaan. Die vergadering besluit dat ons die voorwaardes sal aanvaar en mej. Hoffman sal stuur na die Sendingveld.

.....
VOORSITTER.

.....